STUDIE 2

STORAKELS VAN PROFESIE

Terug na Jerusalem

Lukas 24:13–35

Jesus se dissipels was verslae. Al hulle verwagtings van God se nuwe koninkryk het die vorige Vrydag saam met Hom aan ’n kruis gesterf. Kléopas en sy reisgenoot het bedroef en verward uit Jerusalem na die dorpie Émmaüs gestap. Terwyl die son daardie Sondagmiddag al laer gesak het, het ’n vreemdeling by hulle aangesluit.

Hulle het nie besef dat hierdie medereisiger die opgestane Here self was nie. Met min aandag aan Hom het die twee die ontstellende gebeure van die naweek bespreek. Met elke tree het hulle hoop verder weggekwyn.



Jesus het stil geluister. Hy wou sy bedroefde vriende vertroos, maar hulle moes eers die Skrifte verstaan. Hulle oë is weerhou, sodat hulle Hom nie kon herken nie. As hulle Hom dadelik herken het, sou hulle opgewondenheid hulle verhinder het om rustig na sy verduideliking te luister.

Selfs ná al die tyd waarin hulle sy onderrig gehoor het, het hulle nog nie verstaan waarom Hy gekom het nie. Hy het hulle vooraf vertel dat Hy in mense se hande oorgelewer en doodgemaak sou word, en dat Hy op die derde dag sou opstaan. Maar hulle het dit nie verstaan nie en was bang om Hom daaroor te vra (Markus 9:31–32).

Jesus het hulle droewige gesprek vriendelik onderbreek. Op daardie pad het Hy die Skrifte vir hulle oopgemaak en gewys hoe God se Woord en die profesieë verstaan moet word.

Vul die ontbrekende woorde in nadat jy elke Bybelteks gelees het.

1. Hoeveel van die Skrif moet ons glo?

Lukas 24:25 … *om te glo* _____ *wat die profete gespreek het!*

2 Timótheüs 3:16 *Die hele* _____ *is deur God ingegee …*

LET WEL: God se geopenbaarde waarheid word in die Ou en Nuwe Testament gevind. Ons het albei nodig. Baie van Openbaring se beelde en uitdrukkings kom uit vroeëre Bybelverhale en profesieë. Om die Ou Testament te verstaan, help ons dus om Openbaring te verstaan.

2. Wie word volgens Jesus deur die Skrifte en profesieë geopenbaar?

Lukas 24:27 … *en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op* _____ *betrekking het.*

Johannes 5:39 … *en dit is dié wat van* _____ *getuig.*

Openbaring 1:1 *Die openbaring van* _____ *wat God Hom gegee het …*

LET WEL: Jesus het die twee dissipels nie met ’n nuwe leer verras nie. Hy het uit Moses en die profete gewys dat sy lyding en heerlikheid reeds in die Skrifte aangekondig is (Lukas 24:25–27). Die kruis was nie die mislukking van God se plan nie, maar die vervulling daarvan. Die Ou en Nuwe Testament wys saam na Hom. Lees die Bybel daarom om Christus te leer ken, nie net om feite te versamel nie.

3. Watter ander naam gebruik die Bybel vir Jesus?

Johannes 1:1 *In die begin was die* _____ *, en die Woord was by God, en die Woord was God.*

Johannes 1:14 *En die* _____ *het vlees geword en het onder ons gewoon …*

4. Deur watter mense het God die Bybel laat skryf?

2 Petrus 1:21 … *deur die Heilige Gees gedrywe, het die* _____ *mense van God gespreek.*

5. Die ewige lewe is om Jesus te ken (Johannes 17:3). Waaraan het die dissipels Hom herken?

Lukas 24:35 … *hoe Hy aan hulle bekend geword het by die* _____ *van die* _____ .

LET WEL: Brood word ook as ’n beeld van God se Woord gebruik. Jesus het gesê dat die mens nie van brood alleen leef nie, maar van elke woord wat uit God se mond uitgaan (Matthéüs 4:4). Soos voedsel ons liggame voed, versterk die Skrif ons geloof wanneer ons dit lees, oordink en uitleef. In Christus vind ons krag, vreugde, vrede en die ewige lewe.

6. Hoe belangrik behoort Bybelstudie vir ’n Christen te wees?

Job 23:12 … *die woorde van sy mond het ek* _____ *meer as my eie* _____ .

Psalm 119:105 *U woord is ’n* _____ *vir my voet en ’n* _____ *vir my pad.*

LET WEL: Die duiwel wil verhoed dat mense God se Woord lees. Die Skrif ontmasker sy misleiding en wys ons die veilige pad. Moet dus nie toelaat dat afleiding en ander bedrywighede jou tyd saam met God verdring nie. Hy help die mens wat opreg na die waarheid soek.

7. Wie help ons om die Bybel te verstaan?

Johannes 16:13 *Maar wanneer Hy gekom het, die* _____ *van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei …*

Johannes 14:26 *Maar die Trooster, die* _____ *, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer …*

1 Korinthiërs 2:13 … *nie met woorde wat die menslike wysheid leer nie, maar met dié wat die Heilige Gees* _____ …

8. Wat moet ek doen om die Heilige Gees se leiding in my Bybelstudie te ontvang?

Lukas 11:9 *En Ek sê vir julle:* _____ *, en vir julle sal gegee word …*

Lukas 11:13 *… hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom* _____ *?*

Johannes 7:17 *As iemand gewillig is om* _____ *te doen, sal hy aangaande die leer weet of dit uit God is …*

LET WEL: Die Heilige Gees help ons om die waarheid van die Skrif te verstaan. Vra daarom sy leiding voordat jy die Bybel oopmaak. Ek kan op sy hulp vertrou wanneer ek Hom vra om my te lei en bereid is om die waarheid wat Hy wys, te aanvaar en te gehoorsaam.

9. Hoe help biddende studie van die Woord ons?

Psalm 119:11 *Ek het u woord in my hart gebêre, dat ek teen U* _____ .

Jeremia 33:3 *Roep My aan, en Ek sal jou* _____ *en jou bekend maak groot en* _____ *dinge wat jy nie weet nie.*

Romeine 15:4 *Want alles wat tevore geskrywe is, is tot ons* _____ *tevore geskrywe …*

Romeine 15:4 *… sodat ons deur lydsaamheid en bemoediging van die Skrifte* _____ *kan hê.*

Jakobus 1:5 *En as iemand van julle* _____ *kortkom, laat hom dit van God bid …*

10. Watter manier van Bybelstudie beveel die Skrif aan?

Jesaja 28:10 *Want dit is* _____ *op gebod, gebod op gebod,* _____ *op reël, reël op reël, hier 'n bietjie, daar 'n bietjie.*

1 Korinthiërs 2:13 *… sodat ons geestelike dinge met geestelike* _____ .

2 Petrus 1:20 *… dat geen profesie van die Skrif 'n saak van* _____ *uitlegging is nie …*

LET WEL: Lees die Bybel met 'n oop gemoed en laat dit self praat. Lees die verse vóór en ná die gedeelte. Vergelyk dan ander verse oor dieselfde onderwerp. Laat 'n duidelike Skrifgedeelte 'n moeiliker gedeelte help verklaar. Só bou ons begrip op die hele getuienis van die Bybel, nie op een los sin nie. Bid vir die Heilige Gees se leiding en wees bereid om te doen wat God wys.

Die 1953-vertaling behou, soos die King James-vertaling, "gebod op gebod … reël op reël": God se onderrig word stap vir stap ontvou. Die volk se onwilligheid om te luister maak sy Woord nie betekenislose taal nie (Jesaja 28:12–13). Vergelyk daarom Skrif met Skrif en lees elke gedeelte in sy verband; Jesus het self só die Skrifte verklaar (Lukas 24:27).

11. Wat kan die studie van die Skrifte vir ons doen?

2 Timótheüs 3:15 *… die heilige Skrifte ken wat jou* _____ *kan maak tot* _____ *deur die geloof in Christus Jesus.*

LET WEL: Die Skrif maak God se verlossingsplan bekend. Dit lei ons nie net na meer kennis nie, maar na geloof in Jesus Christus, deur wie ons gered word.

12. Waar vind ons volgens Jesus die waarheid?

Johannes 14:6 *Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die* _____ *en die lewe …*

Johannes 17:17 *Heilig hulle in u waarheid; u* _____ *is die waarheid.*

LET WEL: Ons vind die waarheid in God se Woord. Dwaling oor God, die lewe en verlossing bring groot hartseer. Die Skrif gee betroubare leiding oor die dinge wat die meeste saak maak. Wanneer ons Christus se waarheid ken en volg, maak dit ons vry en bring dit blywende vreugde (Johannes 8:32; 15:11).

13. Watter waarskuwings gee die Bybel oor die hantering van die Skrif?

2 Timótheüs 2:15 *… wat die woord van die waarheid* _____ .

2 Petrus 3:16 *… wat die ongeleerde en onvaste mense* _____ *, net soos die ander Skrifte, tot hul eie* _____ .

LET WEL: Om die woord van die waarheid reg te sny, beteken om dit getrou en in sy verband te verklaar. Dit is gevaarlik om die Skrif te verdraai totdat dit sê wat ons graag wil hoor. Ons eie mening is nie die maatstaf nie. God se Woord moet ons begrip en ons lewe vorm.

14. Hoe moet ons alle godsdienstige leringe toets?

Handelinge 17:11 *… elke dag die Skrifte* _____ *of hierdie dinge so was.*

Jesaja 8:20 *Tot die* _____ *en tot die* _____ *! …*

Jesaja 8:20 *… is hulle 'n volk wat geen* _____ *het nie.*

LET WEL: Geen leraar, kerklike gebruik of persoonlike ervaring staan bo God se Woord nie. Toets ook wat jy hier leer aan die Bybel self. Die Bereane het die Skrifte ondersoek om vas te stel of die boodskap waar is (Handelinge 17:11). God vra nie blinde vertroue in mense nie, maar geloof in sy Woord.

15. Wat het gebeur toe Jesus die Skrif aan sy twee bedroefde dissipels verduidelik het?

Lukas 24:32 *Was ons* _____ *nie* _____ *in ons toe Hy met ons op die pad gepraat en vir ons die Skrifte uitgelê het nie?*

16. Wat het die twee dissipels gedoen nadat hulle Jesus herken en sy verduideliking van die profesieë gehoor het?

Lukas 24:33 *Toe staan hulle in dieselfde uur op en gaan na Jerusalem* _____ *en* _____ *die elf …*

LET WEL: Hulle wou dadelik die goeie nuus met ander deel. Wanneer ons Christus in sy Woord leer ken, wil ons ook hê dat ander Hom ontmoet. Nooi 'n vriend of familielid om saam met jou die Bybel te ondersoek.

Jou antwoord

Wil jy die Skrif beter verstaan en bereid wees om te volg wat God jou daarin leer?

Aanvulling

Beelde in Bybelprofesie

Die onderstaande beelde kom in profetiese gedeeltes voor. Die Skrifverwysings help om die betekenis te verstaan. Lees elke beeld in sy verband; dieselfde woord is nie in elke Bybelgedeelte ’n simbool nie.

Engel: boodskapper

Daniël 8:16; 9:21; Lukas 1:19, 26; Hebreërs 1:14.

Babilon: godsdienstige afvalligheid en verwarring

Génesis 10:8–10; 11:6–9; Openbaring 17:1–5; 18:2–3.

Dier: koninkryk, regering of politieke mag

Daniël 7:17, 23.

Brood: God se Woord

Johannes 6:35, 51–52, 63.

Dag: ’n jaar in simboliese tydprofesie

Eségiël 4:6; Númeri 14:34.

Draak: Satan of ’n mag waardeur hy werk

Jesaja 27:1; 30:6; Psalm 74:13–14; Eségiël 29:3; Jeremia 51:34; Openbaring 12:7–9.

Voorhoof: die denke

Romeine 7:25; Eségiël 3:8–9.

Hand: werk of handeling

Prediker 9:10.

Hoer: afvallige kerk of godsdiens

Jesaja 1:21–27; Jeremia 3:1–3, 6–9.

Koppe: groot magte, heersers of regerings

Openbaring 17:3, 9–10.

Horing: koning of koninkryk

Daniël 7:24; 8:5, 21–22; Sagaría 1:18–19; Openbaring 17:12.

Lam: Jesus en sy offer

Johannes 1:29; 1 Korinthiërs 5:7.

Lamp: God se Woord

Psalm 119:105.

Leeu: Jesus Christus

Openbaring 5:4–9. In ander verbande kan die beeld ’n ander betekenis hê; vergelyk 1 Petrus 5:8.

Merk: teken van eienaarskap, goedkeuring of oordeel

Eségiël 9:4; Romeine 4:11; Openbaring 7:2–3; 13:17; 14:9–11.

Berge: politieke of godsdienstig-politieke magte

Jesaja 2:2–3; Jeremia 17:3; 31:23; 51:24–25; Eségiël 17:22–23; Daniël 2:35, 44–45.

Olie: die Heilige Gees

Sagaría 4:2–6; Openbaring 4:5.

Rooi: sonde of verdorwenheid

Jesaja 1:18; Nahum 2:3; Openbaring 17:1–4.

Rots: Jesus en die waarheid

1 Korinthiërs 10:4; Jesaja 8:13–14; Romeine 9:33; Matthéüs 7:24.

Seël: teken van bevestiging of eienaarskap

Romeine 4:11; Openbaring 7:2–3.

Slang: Satan

Openbaring 12:9; 20:2.

Sterre: engele of boodskappers

Openbaring 1:16, 20; 12:4, 7–9; Job 38:7.

Son: Jesus en die lig van die evangelie

Psalm 84:12; Maleági 4:2; Matthéüs 17:2; Johannes 8:12; 9:5.

Swaard: God se Woord

Efésiërs 6:17; Hebreërs 4:12.

Dief: die onverwagtheid van Jesus se koms

1 Thessalonicense 5:2–4; 2 Petrus 3:10.

Tyd: ’n jaar

Daniël 4:16, 23, 25, 32; 7:25; 11:13.

Waters: volke, nasies of ’n bevolkte gebied

Openbaring 17:15.

Wit klere: oorwinning en geregtigheid

Openbaring 3:5; 7:14; 19:8.

Winde: stryd, beroering of oorlog

Jeremia 4:11–13; 25:31–33; 49:36–37; Sagaría 7:14.

Rein vrou: God se getroue gemeente

Jeremia 6:2; 2 Korinthiërs 11:2; Efésiërs 5:23–27.

Ontroue vrou: afvallige kerk

Eségiël 16:15–58; 23:2–21; Hoséa 2:4; 3:1; Openbaring 14:4.

Afrikaanse verwerking. Gebaseer op Amazing Facts se *Back to Jerusalem* · © 1999, 2010 Amazing Facts, Inc.
Bybelteks: Afrikaans 1933/1953 (Ou Vertaling) · © Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Antwoorde

Terug na Jerusalem

Die invulwoorde volg dieselfde volgorde as in die studie.

1. alles · Skrif

2. Hom · My · Jesus Christus

3. Woord · Woord

4. heilige

5. breking · brood

6. bewaar · wet · lamp · lig

7. Gees · Heilige Gees · leer

8. Bid · bid · sy wil

9. nie sal sondig nie · antwoord · ondeurgrondelike · lering · hoop · wysheid

10. gebod · reël · vergelyk · eie

11. wys · saligheid

12. waarheid · woord

13. reg sny · verdraai · verderf

14. ondersoek · wet · getuienis · dageraad

15. hart · brandende

16. terug · vind